KRY VAT OP 'N WARM POT!

Brei en borduur die vatlappies om jou kombuis die ekstra tikkie belang te gee



Dié vatlappies word van stewige handwerkkatoen, soos bv. Twilley se D42 gebrei en later geborduur en van voering voorsien. Vir die borduurwerk beveel ons Anchorborduurgaring aan of, indien beskikbaar, oorskiet van enige hekel- of breigaring van nr. 5-dikte in kleure wat by jou kleurskema sal pas. Ons voorbeelde is net as riglyne bedoel en hoef nie slaafs nagevolg te word nie.

BENODIGDHEDE: *Ongeveer 100 g Twilley's D42-handwerkkatoen. Breinaalde van 3,75 mm; hekelpen van 3,50 mm; borduurnaald en -garing soos hierbo uiteengesit. Vir elke vatlap word 'n stuk wasbare oorskietmateriaal van 22 x 20,5 cm benodig.*

AFKORTINGS: *st(e) - steek (steke); r - brei regs;* **hekel:** *kb - kortbeen; krap-st - krapsteek = kortbeen van links na regs.*

AANWYSINGS: Stel 31 ste op en brei ongeveer 56 rye. Heg af.

Hekel 1 ry kb rondom lappie, met 3 kb in elke hoek.

Hekel dan 'n ry krap-st rondom en heg af.

Bepaal nou middel van lappie en borduur die motief met nr. 5-garing dubbel gebruik. Raadpleek diagram.

AFWERKING: Knip 'n reghoekige stuk materiaal van 22 x 20,5 cm, vou 'n soom van 2 cm rondom en werk aan agterkant van geborduurde lap vas. Hekel 'n lus om vatlap aan op te hang.

NA BLADSY 137

WARM POT!

VAN BLADSY 133



DIAGRAM 2

x — blou
• — donkerrooi
o — geel



DIAGRAM 1

o — blou
|| — groen
x — goudgeel
* — donkerrooi
• — pers



DIAGRAM 3

x — goudgeel
| — liggeel
/ — turkoois
* — donkerrooi

Pragtige gesonde hare!

DRALLE BALSEM HAAROPKNAPPER
Tot volmaaktheid gebring deur een van Europa se vernaamste Haarkosmetiekhuise, om dowwe, droë of beskadigde hare op te knap en te versorg.

841/3

WIL U MANLIK EN AANTREKLIK VIR VROUE WEES? . . . U KAKEBEEN VERSTERK? . . . U PROFIEL VERBETER? . . . SWAK VEL VERBERG? Slaan dan dadelik oor na SUPERBEARD en wees 'n WARE MAN



Mnr. R. J. sê "Ek is waarlik tevrede met my splinternuwe baard."

SUPERBEARD is 'n nuwe stimulerende Formule vir diegene wat 'n weelderige en werklik manlike baard verlang, sterk, syerig en goed versorgd. Elke man, afgesien daarvan of hy 17 of 70 is, of sy baard te fyn of kollerig is, het SUPERBEARD nodig vir 'n vol, manlike baard wat ware karakter aan sy gesig verleen. Eerlank sal u andere nie meer hoef te beny nie. Dan sal u ook aantreklik en manlik lyk, met daardie "sekere iets" waarvan vroue in mans hou . . . 'n gesig wat indrukwekkend en sterk is – 'n gesig om te onthou! SUPERBEARD kos slegs R10,00 (koopbelasting en posgeld ingesluit). GEEN RISIKO – as u nie tevrede is nie, kan u die item binne 20 dae terugstuur vir volle terugbetaling van die koopprys. BESTEL vandag as u 'n aantreklike profiel verlang! Sny die advertensie uit en stuur met naam, adres en poskode en Posorder/Kontant/Tjek vir R10,00 (indien K.B.A. sluit R4,00 deposito in) aan:

Euro-Mail, Posbus 9731, Johannesburg, 2000.
Centre Point-gebou, Marlboro, Sandton

ROOI ROSE 10/2

8890/A

GINSENG KRAG

Sluit aan by die miljoene oor die hele wêreld wat die kruid ginseng gebruik. U sal 'n nuwe ondervinding op die gebied van gesondheid, lewenskrag en welsyn ondervind. Die beste gehalte ginseng plus vitamines wat in 'n produk te vinde is.

REV-UP

(kapsules of bruistablette)
Verkrygbaar in alle apteke.
Agente: (011) 643-1724.

HET JOU BORSEL MEER HARE AS JY?

Hou jou hare en kopvel gesond met nuwe Ecrinal Kopvelaktiverende Ampulle —

Ecrinal Ampulle bevat 'n hoogs gekonsentreerde vorm van die wêreldgepatenteerde ANP-ekstrak wat ryk is aan sulfohidrate (die lewendige stof in hare) en is klinies getoets en beproef om die kopvel te stimuleer en te aktiveer.

Dit is ook hoogs doeltreffend vir die beheer van skilfers en oormatige olierigheid. Almal faktore wat gesonde haargroei beïnvloed en indien dit verwaarloos word, 'n belangrike oorsaak is van hare wat uitval.

Moenie slapelose nagte hê omdat jy bles word nie. Help liewer om die natuurlike toestand van jou hare en kopvel te herstel met rewolusionêre nuwe Ecrinal Kopvelaktiverende Ampulle. En hou dit so deur Ecrinal Haarmiddel of Salf gereeld te gebruik.

Ecrinal is ewe doeltreffend vir mans en vroue. Tevrede gebruikers bevestig dit daagliks: ". . . van die talle produkte wat ek al gebruik het, het Ecrinal vir my die wonderbaarlikste resultate gelewer . . ." E.B., Kaapstad.



Ecrinal Kopvelaktiverende Ampulle, Salf, Haarmiddel en Ecrinal Teenskilfer-sjampoe is almal te kry by: JOHN ORR'S, GARLICKS, STUTTAFORDS, APTEKE EN GESONDHEIDSWINKELS. Indien moeilik verkrygbaar, skakel JHB. 40-2262.

ROOI ROSE 10/2

5606/A